9 Oktober 2007

Visekanseliersnuusbrief

Beste Kollegas,

Die derde kwartaal van 2007 het in ’n oogwink gekom en gegaan, en met lente in die lug weet ons dat die einde van die 2007 akademiese jaar voor die deur lê.

Teen die einde van die derde kwartaal het ’n paar probleme opgeduik, waarvan sommige die media gehaal het. Dit sluit die volgende in, en ek noem dit spesifiek om die erns van die sake te beklemtoon:

- Plagiaat (en waarskynlik akademiese bedrog) met betrekking tot die produksie van ’n aantal PhD’s en meestersgrade het aan die lig gekom. Dit word natuurlik in ’n uiters ernstige lig beskou, aangesien sulke gevalle alle grade verdag maak wat die NWU toegeken het. Die sake word deeglik ondersoek en meer inligting sal later bekend gemaak word. Intussen doen ek ’n beroep op alle skooldirekteure en studieleiers om die grootste verantwoordelikheid en die hoogste integriteit aan die dag te lê in die proses om meestersgraad- en PhD-studente te lei.

- ’n Aantal gevalle van diefstal en finansiële bedrog is ook geïdentifiseer. In een geval is ’n groot bedrag geld betrokke, wat oor ’n lang tydperk verdwyn het. Weer eens is ondersoeke aan die gang en meer inligting sal soos toepaslik beskikbaar gestel word.

- Daar het ook een geval voorgekom van ’n eksterne diensverskaffer wat ’n kwalifikasie aanbied en toeken wat nie deur die NWU goedgekeur is nie (en trouens ook nie deur die HOKK geakkrediteer is nie). ’n Ondersoek is aan die gang, en ek doen ’n beroep op senior bestuurders om alle eksterne kontrakte en ooreenkomste dringend te hersien. Dit moet alles deur die regskantoor goedgekeur word, omdat swak bewoorde en ondeurdagte ooreenkomste die NWU se goeie naam in die gedrang kan bring.

Dit is egter bemoedigend dat ons interne kontrolemeganismes sommige van hierdie kwessies aan die lig gebring het. In die proses wat tot die Institusionele Oudit in 2009 lei, sal ons voortdurend interne prosesse hersien om te bepaal of dit voldoende is om as doeltreffende kontrolemeganismes te dien.

Op bedryfsvlak sukkel ons met die konsolidering van die ou stelsels om al ons personeel van hul IRP5-belastingsertifikate te voorsien. Ek het dit met die owerhede bespreek en ’n plan word tans uitgewerk om te verseker dat personeellede nie gepenaliseer sal word indien die gestelde sperdatums nie gehaal word nie. Meer inligting sal so gou moontlik beskikbaar gestel word.

Aan die ander kant is daar ook heelwat goeie nuus om oor te dra...

- Ons het op 21 September 2007 ’n baie goeie Raadsvergadering gehad. Die Raad se nuusbrief is elders beskikbaar, maar ek deel graag met u dat die Raad baie doeltreffend funksioneer, en daar heers steeds by alle vergaderings ’n konstruktiewe gees. Hierdie spesifieke Raadsvergadering het om 10:00 begin en die agenda was voor 14:00 afgehandel.

- Die Noordwes-Universiteit se verbintenis tot die handhawing van beste praktyk in doeltreffende bestuur en korporatiewe bestuur het erkenning ontvang toe die NWU en die Sentrale Universiteit van Tegnologie op 27 Augustus 2007 in Port Elizabeth met die toekenning van PricewaterhouseCoopers se prys vir uitnemende korporatiewe bestuur in hoër onderwys die gesamentlike eerste plek verower het. Die NWU het voorheen al die tweede en vierde plek verower. Dit dui beslis daarop dat ons "dinge reg doen"!

- Die SA-regering het in Desember 2006 die Fundza Lushaka-beursprogram aangekondig. Die doel van die program is om studente met groot akademiese potensiaal en verbintenis in staat te stel om professionele onderwysopleiding te ontvang en nadat hulle gekwalifiseer het, by provinsiale onderwysdepartemente in diens te tree. ’n Bedrag van R120 miljoen is vir 2007 goedgekeur, waarvan R7,2 miljoen (205 beurse van R35 000 elk) aan die Noordwes-Universiteit toegewys is. Die beurse is tydens ’n seremonie op die Potchefstroomkampus oorhandig. Die Adjunkminister van Onderwys, mnr Enver Surty, het die seremonie hanteer en sy tevredenheid uitgespreek met die getal en gehalte van studente wat die beurse ontvang het. Kore van die Potchefstroom- en Mafikengkampus het tydens die seremonie opgetree.

- Op navorsingsvlak kan ek die volgende goeie nuus deel:

    1. Die Departement van Wetenskap en Tegnologie (DWT) finaliseer tans die toekenning van die derde DWT-Waterstofbevoegdheidsentrum (BS) aan die NWU en die WNNR, met die NWU in die leidende posisie vir die eerste vyf jaar. Die program sal na verwagting vir tussen vyf en 15 jaar lank bedryf word, en Waterstofinfrastruktuur-BS sal by die NWU en die WNNR gesetel wees.
    2. Die werk sal waterstofproduksie, opberging, retikulasie en kodes en standaarde insluit. Die BS sal R6 miljoen per jaar (wat gelykop deur die NWU en die WNNR gedeel word) vir die bestuurstaak ontvang. Die projek sal na verwagting vir die NWU van strategiese belang wees, en sal tot heelwat samewerkende navorsings- en innoveringsaktiwiteite lei.
    3. Twee NRF-nisareas op die Potchefstroomkampus se befondsing is goedgekeur. ’n Verdere drie aansoeke om befondsing van NRF-nisareas, een op die Potchefstroomkampus (Onderwys), een op die Vaaldriehoekkampus (Basiese Wetenskappe) en een op die Mafikengkampus (Navorsing en Voorgraadse Studies), is by die NRF ingedien.
    4. In 2007 het die NWU R3,06 miljoen van die NRF ontvang vir die houers van THUTHUKA-toekennings, R1 178 332 vir die NRF-nisareaprogram, en ’n totaal van R7,4 miljoen vir die NRF-fokusareaprogram. ’n Toekenning van R5 miljoen is in 2007 van die NRF vir gespesialiseerde navorsingstoerusting (kern-magnetiese resonansiespektrometer) by die NWU (Potchefstroomkampus) ontvang.
    5. Die NWU het in 2007 R14,4 miljoen van THRIP ontvang en ons is deel van die top vyf universiteite (UP, Wits, US, UK en NWU) wat die meeste THRIP-befondsing ontvang.
    6. Die NWU se postdoktorale program het van 18 postdoktorale genote in 2006 tot 32 in 2007 gegroei.

- Die Mafikengkampus het baat gevind by beleggings wat in die Centre for Applied Radiation Science and Technology (CARST) gemaak is. R1,5 miljoen is vir die bou van laboratoriums en kantoorruimte toegewys. Die bouwerk sal na verwagting voor die einde van hierdie semester voltooi wees. Laboratoriumtoerusting ter waarde van sowat R1,5 miljoen is bestel en word reeds afgelewer. ’n Totaal van vyf dosente uit die bedryf is vir vyf jaar as mede-professore aangestel. Drie poste is geadverteer, en indien dit gevul word, sal dit die personeeltal op vyf voltydse en vyf deeltydse personeellede te staan bring. Twee tegnici sal na verwagting ook gewerf word, aangesien hierdie poste deur die DWT befonds word.

- As gevolg van die geografiese ligging van die drie kampusse en die Institusionele Kantoor, was personeelinteraksie nog altyd ’n uitdaging. Die Institusionele Bestuur het die eerste Interkampus Sosiale Dag vir Personeel ooit vir 9 November goedgekeur.

- Op die Vaaldriehoekkampus is die Resilient Educators Programme (Reds) saamgestel deur dr Linda Theron, senior lektor in die Skool vir Opvoedkundige Wetenskappe, in samewerking met dr Ike Xaba, van dieselfde skool. Die doel van die program is om onderwysers ten opsigte van die MIV/Vigs-pandemie met beter hanterings- en verwerkingsvaardighede toe te rus. Tot dusver is die program met sukses onder vrywilligeronderwysers uit drie provinsies geïmplementeer, en dit sal na verwagting binnekort na nog drie provinsies uitgebrei word. In ’n poging om die reikwydte van die program te verbreed, het dr. Theron en haar medenavorsers aan die Universiteit van Pretoria en die Potchefstroomkampus onlangs met ’n besoekende akademikus uit die VSA vergader.

- Dankie aan almal van u wat die Know Your Status, Each one reach Five-veldtog ondersteun het deur ’n MIV-toets te laat doen... ons sal slegs deur deurlopende bewustheid daarin slaag om hierdie pandemie die hoof te bied.

- Vroeg in Augustus was die Fakulteit vir Ingenieurswese tydens die opening van die fabrikasielaboratorium (FabLab) gasheer vir die Minister van Wetenskap en Tegnologie, dr. Mosibudi Mangena. Hierdie nuwe fasiliteit is ’n onderneming van wêreldgehalte wat aan die gebruikers (van skoolleerders tot ingenieurs) die geleentheid bied om idees te ontwikkel, ontwerpe te skep, en die ontwerpe te ontwikkel en te toets. Die FabLab op die Potchefstroomkampus is die vyfde van sy soort in die land, en het reeds ’n rol gespeel om ’n gemeenskapsgebaseerde alarmstelsel, ’n bekostigbare weggooibare termometer en ’n revolusionêre gloeilampie te ontwikkel. Hierdie fasiliteit word deur die Departement van Wetenskap en Tegnologie ondersteun.

’n Aantal ander belangrike prosesse is aan die gang:

Die bekendstelling van die nuwe NWU-handelsmerk gaan in alle erns voort nadat die Raad op 22 Junie 2007 die handelsmerkbekendstellingsplan goedgekeur het. Die Institusionele Korporatiewe Handelsmerkidentiteitskomitee (IKHID) volg ’n projekbestuursbenadering om oor die suksesvolle implementering van die nuwe handelsmerk in die Institusionele Kantoor en op die drie kampusse toesig te hou.

’n Opvolg van die 2005-kultuur-en-klimaatopname word vir verspreiding aan die einde van hierdie maand beplan. Die vraelys word tans gefinaliseer met belanghebbendes, wat die Senaat, Institusionele Forum en senior bestuur insluit. Ek doen ’n beroep op alle personeel om aan hierdie opname deel te neem. Ons hoop om voor die einde van die jaar, maar ten minste voor die einde van Januarie 2008, aan alle personeel volledige terugvoer te gee.

Bestuur het begin met die proses om die Institusionele Plan by te werk/te hersien. IB sal die bygewerkte plan by die Raadsvergadering in November ter tafel lê. Ons het reeds ver gevorder sedert die eerste rondte in 2006, en is trouens beslis besig om die onderskeie mylpale te bereik.

Ten slotte: dit is ’n uiters bedrywige tyd van die jaar. Ek wens almal alle sterkte toe en vertrou dat u toewyding en krag tot die laaste werksdag van die jaar of die dag van u verlof – wat ook al eerste kom – op die hoogste moontlike vlakke sal bly! Dankie vir al die wonderlike dinge wat ons reeds in 2007 bereik het!

Vriendelike groete

Theuns Eloff
Visekanselier